*Historia* 52,2, November 2007, pp 150-185

# Byna was Ilha de Moçambique Hollands – en die Kaap die Goeie Hoop nie

***O.J.O. Ferreira****

## Inleiding

Danksy ivoor-, goud- en uiteindelik ook slawehandel het Ilha de Moçambique van die sewentiende eeu ŉ bloeitydperk beleef en was dit die hoofsetel van Portugese bedrywighede aan die suidooskus van Afrika tot aan die einde van die negentiende eeu. Ingevolge ŉ koninklike dekreet het Ilha de Moçambique die status van regeringsetel van Mosambiek op 17 Desember 1898 aan Lourenço Marques, tans Maputo, afgestaan. Daarna het sosio-ekonomiese agteruitgang op die eiland ingetree.[1] Ilha de Moçambique het steeds die hoofstad van die distrik gebly, maar in 1935 het dit ook dié status verloor toe Nampula die hoofstad van die nuutgestigte provinsie Niassa en later van die provinsie Nampula geword het. Die eens bedrywige Ilha de Moçambique het gevolglik sy administratiewe en ekonomiese belangrikheid verloor.[2]

Nadat Ilha de Moçambique sy status as hoofsetel verloor het, het dit geleidelik en sjarmant verval.[3] Danksy die bemoeiing van die Fundação Calouste Gulbenkian in Portugal het UNESCO ongeveer twee-derdes van die eiland in 1991 tot wêrelderfenisterrein verklaar. Sodoende is bevestig dat Ilha de Moçambique nie slegs vir die Volksrepubliek van Mosambiek belangrik is nie, maar dat die eiland ook universele historiese en kultuurhistoriese betekenis het.[4] Soos hieronder sal blyk, het dié

---


* Cobus Ferreira is ŉ ereprofessor in die Departement Historiese en Erfenisstudies aan die Universiteit van Pretoria.

1. A.P. de Lima, *Lourenço Marques* (Olisipo, Lisboa, 1963), p 54; A.V. de Lima (Ed), *A Ilha de Moçambique en Perigo de Desaparencimento* (Fundação Calouste Gulbenkian, Porto, 1983), p 33; M.J.C. de Lemos, "Reviver a Ilha, na Mafalala", *Oceanos*, 25, Janeiro-Março 1996, p 61.
2. A. Lobato, *A Ilha de Moçambique (Monografia)* (Imprensa Nacional de Moçambique, Lourenço Marques, 1945), p 22; S.S. da Cunha, *Antigüidades Históricas da Ilha de Moçambique* (União Gráfica, Lisboa, 1939), pp 22-23; J. Loureiro, *Postais Antigos da Ilha de Moçambique & da Ilha do Ibo* (Maisimagem-Comunicação Global, Lisboa, 2005), p 9.
3. M. Newitt, *A History of Mozambique* (Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1995), p 135; http://www.ilhademo.net.
4. J. Capão, "Ilha de Moçambique: sem Desenvolvimento não há Condervação", *Oceanos*, 25, Janeiro-Março 1996, pp 69-70, 72; De Lima (Ed), *A Ilha de Moçambique en Perigo de Desaparencimento*, synopsis; http://www.ilhademo.net.

eiland ook ŉ belangrike, maar minder bekende of versweë rol in die geskiedenis van Suid-Afrika gespeel.

### *a. Die eiland*

Ilha de Moçambique (**Figuur 1**) is ŉ klein koraaleiland, ongeveer 2,5 kilometer lank en gemiddeld sowat 350 meter breed en 600 meter op sy breedste. Dit lê op 15º02' suiderbreedte en 40º44' oosterlengte in ŉ groot baai, Baía de Mossuril. Die afstand van die eiland na die vasteland wissel tussen ongeveer 3 en 4 kilometer. Die eiland is laagliggend en redelik gelyk met die hoogste punt ongeveer 9 meter bo seevlak. Ongeveer 5 kilometer in ŉ suidoostelike rigting word die eiland deur twee klein eilandjies in die Indiese Oseaan beskut, wat deur Vasco da Gama Ilha de São Jorge en Ilha de Santiago genoem is, maar op negentiende eeuse kaarte as Ilha de Goa en Ilha de Sena aangedui word.[5]




**Figuur 1: Kaart van Ilha de Moçambique.**

---

5. De Lima (Ed), *A Ilha de Moçambique en Perigo de Desaparencimento*, p 29; E. Axelson, *Vasco da Gama: The Diary of His Travels Through African Waters, 1497-1499* (Stephan Phillips, Somerset West, 1998), p 61; A. de C. Soveral, *Breve Estudo Sobre a Ilha de Moçambique a Companhado d'um Pequeno Vocabulario Portuguez-Macúa* (Livraria Chardron, Porto, 1887), p 19; M. Lobato, "A Ilha de Moçambique Antes de 1800", *Oceanos*, 25, Janeiro-Março 1996, p 11.

Ilha de Moçambique is in die trope geleë, wat beteken dat die eiland ŉ vogtige tropiese klimaat het. Die jaarlikse reënval is in die omgewing van 870 millimeter, met die hoogste reënvalsyfer in Maart. Die eiland is aan sporadiese donderstorms en orkane blootgestel.[6] Die gemiddelde daaglikse temperatuur is ongeveer 25ºC, met die hoogste temperatuur bo 35ºC en die laagste ongeveer 15ºC.[7] Daar is enkele fonteine met brak water, maar vars water moes van die vasteland met bote vervoer word, terwyl reënwater later in ondergrondse tenks opgevang is.[8]

Volgens oorlewering van die inheemse Makua het ŉ visserman genaamd Muìpíti hom vanweë die oorvloed vis in die omgewing lank voor die koms van die Portugese op die eiland gevestig. Sy stamgenote het dus na die eiland in hulle eie taal as *Èkisírua iá Muìpíti* [Eiland van Muìpíti] verwys.[9] Daar bestaan meningsverskille oor die oorsprong van die naam Ilha de Moçambique, of dan Mosambiek-eiland, maar die eiland het waarskynlik sy naam te danke aan Muça, die seun van M'biki of Mussal A'l Bik of Mussa Ben Mbiki', ŉ belangrike Arabiese sjeik of sultan wat op die eiland gewoon het toe die Portugese die eerste keer daar geland het en wie se naam deur laasgenoemde tot Moçambíki en later tot Moçambique vervorm en aan die eiland gegee is.[10]

Seevaarders van Persië en Arabië het teen die agste eeu hulle verskyning as handelaars langs die Ooskus van Afrika gemaak en Ilha de Moçambique veral van die tiende tot die einde van die vyftiende eeu as handelsentrum benut. Die handel op Ilha de Moçambique het rondom ivoor, goud, slawe, amber, koraal en pêrels in ruil vir krale, speserye en materiaal uit Indië en Arabië gesentreer.[11]

6. De Lima (Ed), *A Ilha de Moçambique en Perigo de Desaparencimento*, p 29; M. Barretto, *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa* III (C. Struik, Cape Town, 1964), p 464.
7. C. Ferreira, *A Ilha de Moçambique: Breve Resumo Histórico, Aspecto Climático, Etnográfia e Nosológico* (Tip. Sequeira, Porto, 1965), p 2; http://www.ilhademo.net.
8. De Lima (Ed), *A Ilha de Moçambique en Perigo de Desaparencimento*, pp 29-30; J. dos Santos, *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa* VII (C. Struik, Cape Town, 1964), pp 317-318.
9. F.M. de Castro, *Origem do Nome da Ilha, Cidade, Distrito e Provícia de Moçambique* (Edições da 1ª Exposição Colonial Portuguesa, Porto, 1934), p 1.
10. De Castro, *Origem do Nome da Ilha, Cidade, Distrito e Provícia de Moçambique*, p 1.
11. Lobato, "A Ilha de Moçambique Antes de 1800", *Oceanos*, 25, Janeiro-Março 1996, p 11; Da Cunha, *Antigüidades históricas da Ilha de Moçambique*, p 14; M. Slater, *Guide to Mozambique* (C. Struik, Cape Town, 1994), pp 139-140.

De Lima beweer dat die bevolking van die eiland met die koms van die Portugese teen die einde van die vyftiende eeu tot ŉ verskeidenheid kulture behoort het, naamlik die inheemse Makua, Swahili, Arabiere, Turke, Indiërs en moontlik selfs Sjinese wat by ruilhandel betrokke was of ontdekkingstogte onderneem het.[12] Vermenging het tussen hierdie groepe plaasgevind.[13] Hoewel die aanvanklike bewoners van die eiland tot verskeie rassegroepe behoort het, kon hulle almal Arabies praat en was hulle hoofsaaklik Moslems.[14]

### *b. Vasco da Gama se besoek aan die eiland*

Vasco da Gama se vloot het op 8 Julie 1497 van Lissabon vertrek om ŉ seeroete na die Ooste te vind. Op hulle reis na die Ooste het hulle op 1 Maart 1498 ŉ paar eilande in sig gekry. Die volgende dag, 2 Maart 1498, het hulle anker gegooi naby een van hierdie eilande wat hulle Ilha de São Jorge genoem het.[15]


Aanvanklik het die Arabiere gedink dat die Portugese Turke of Arabiere en dus Moslems was, maar van die Portugese se kleredrag het hulle later afgelei dat dit nie die geval was nie. Toe die dhows van die Arabiere naby Da Gama se skip gekom het, het ŉ welgeklede man opgestaan en in Arabies gevra wie hulle was en wat die doel van hulle besoek was. Deur die Portugese se tolk, Fernão Martins, wat Arabies magtig was, het Da Gama geantwoord dat hulle onderdane van die Koning van Portugal was.[16] Da Gama het later verduidelik dat hy na

12. De Lima (Ed), *A Ilha de Moçambique en Perigo de Desaparencimento*, p 30; M. da C. Ferreira & I. Almeida, *Directório Comercial de Moçambique* IV (Empresa Moderna, Maputo, 2003), p 11; Lobato, "A Ilha de Moçambique Antes de 1800", *Oceanos*, 25, Janeiro-Março 1996, p 13.
13. V. Rau, *Aspectos Étnico-culturais da Ilha de Moçambique em 1822* (Centro de Estudos Históricos Ultramarinos, Lisboa, s.d.), p 134.
14. K.G. Jayne, *Vasco da Gama and His Successors, 1460-1580* (Barnes & Noble, New York & London, 1970), p 47.
15. E. Axelson (ed), *Dias and His Successors* (Saayman & Weber, Cape Town, 1988), p 9; W.J. de Kock, *Portugese Ontdekkers om die Kaap: Die Europese Aanraking met Suidelike Afrika, 1415-1600* (A.A. Balkema, Kaapstad, 1957), pp 144-147; M. de Faria e Sousa, *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa* I (C. Struik, Cape Town, 1964), p 4; J. de Barros, *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa* VI (C. Struik, Cape Town, 1964), p 171.
16. De Faria e Sousa, *in* Theal, *Records …* I, p 5; D. de Goes, *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa* III (C. Struik, Cape Town, 1964), p 77; De Barros, *in* Theal, *Records …* VI, p 171; Axelson, *Vasco da Gama*, p 35; C. Bell, *Portugal and the Quest for the Indies* (Constable, London, 1974), pp 207-208; Jayne, *Vasco da Gama and His Successors, 1460-1580*, p 47; G.M. Theal, *History of South Africa before 1795* II: *The Portuguese in South Africa from 1505 to 1795* (C. Struik, Cape Town, 1964), p 62.

Indië onderweg was en die sjeik gevra om 'n loods aan hom teen goeie betaling beskikbaar te stel;[17] 'n versoek waaraan die sjeik voldoen het.[18]

### *c. Portugese inbesitname van die eiland*

Sedert Vasco da Gama se besoek aan Ilha de Moçambique het die eiland die plek geword waar Portugese skepe op hulle uit- of terugvaart aangedoen het (**Figuur 2**). In daardie stadium kon dit nog nie 'n verversingspos genoem word nie, want daar het weinig op die eiland




**Figuur 2: Ilha de Moçambique.**

17. De Faria e Sousa, *in* Theal, *Records …* I, p 5; De Goes, *in* Theal, *Records …* III, p 79; De Barros, *in* G.M. Theal, *Records …* VI, pp 171-172.
18. G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa* V (C. Struik, Cape Town, 1964), p 367; De Barros, *in* Theal, *Records …* VI, p 175; Axelson, *Vasco da Gama*, p 36.

gegroei en daar was ook geen vars water nie. Tog het die eiland vir die Portugese, soos vir die Arabiere, ŉ groot aantrekkingskrag gehad. Die redes daarvoor was die feit dat die inheemse mense van die vasteland die eiland moeilik sou kon aanval, dat die eiland oor ŉ beskutte, ruim en altyd toeganklike natuurlike hawe beskik het, dat die vrugbare vasteland digby was en vrugte en groente daar gekweek kon word om in alle behoeftes te voorsien. Bowendien sou die eiland as ŉ veilige handelsentrum kon dien vir produkte soos ivoor wat in die hinterland versamel is.[19]

Die Portugese het in 1502 ŉ klein handelsnedersetting op Ilha de Moçambique begin.[20] Een van die eerste dinge wat hulle gedoen het, was om in 1503 ŉ *ermida* [klein kapel] op die eiland te bou. Dit was volgens sommige die eerste Christelike kerk en gebou wat deur Europeërs suid van die ewenaar opgerig is,[21] maar dan vergeet hulle van die *ermida* wat reeds in Julie 1501 by Aguada de São Bras (die huidige Mosselbaai) deur João da Nova (*circa* 1460-1509), bevelvoerder van die derde Portugese seereis na Indië, opgerig is.[22]

Sofala was aanvanklik die vernaamste Portugese nedersetting aan die suidooskus van Afrika en het in die vroeg-sestiende eeu ŉ bloeitydperk beleef, maar geleidelik agteruitgegaan namate Ilha de Moçambique in belangrikheid toegeneem het.[23] Die Portugese het Ilha de Moçambique naamlik in 1507 formeel in besit geneem. Vasco Gomes de Abreu, die *capitão* van Sofala, is na die eiland oorgeplaas en was nou

19. Theal, *History of South Africa before 1795* II, pp 205-206.
20. J.C. Pereira (Ed), *Dicionário Ilustrado da História de Portugal* I (Publicações Alfa, Estella, 1985), p 482.
21. Pereira (Ed), *Dicionário Ilustrado da História de Portugal*, I, p 482; D. Alexander, *Holiday in Mozambique: A Guide to the Territory* (Purnell, Cape Town & London, 1971), p 157.
22. De Goes, *in* Theal, *Records …* III, pp 97-98; De Barros, *in* Theal, *Records …* VI, p 207; W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* I (Tafelberg vir RGN, Kaapstad, 1976), pp 214-215.
23. J.M. Garcia, *Portugal and the Discoveries: The Meeting of Civilizations* (Comissariado de Portugal para a Exposição Universal de Sevilha, Lisbon, 1992), pp 122, 125; A. da S. Rego, *Portuguese Colonization in the Sixteenth Century: A Study of the Royal Ordinances (Regimentos)* (Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1965), p 66; T.W. Baxter and R.W.S. Turner, *Rhodesian epic* (Howard Timmins, Cape Town, 1966), p 32; A. d' A.M. Guedes, "O Moçambique que Camões, seus Amigos e Inimigos, Viram", *Cidades Africanas*, 5, Maio 2005, pp 13-14.

*capitão* van Sofala en Ilha de Moçambique.[24] De Abreu het opdrag gehad om ŉ fort, groot pakhuise en bowenal ŉ hospitaal te bou waarin siek bemanningslede versorg kon word.[25] Die laaste gebou wat voltooi is, was die Forte de São Gabriel, waarna later as die *Torre Velha* [Ou Toring] verwys is.[26] Namate die sieletal van die Portugese op die eiland toegeneem het, het hulle in 1522 ŉ klein kerkie, *Capela de Nossa Senhora do Baluarte* [Kapel van Onse Liewe Vrou van die Bolwerke] opgerig – waarskynlik die oudste nog bestaande onderdak gebou in suidelike Afrika.[27]

### *d. Fortaleza de São Sebastião*

Teen die middel van die sestiende eeu het die strategiese waarde van Ilha de Moçambique steeds toegeneem. Dit was nie alleen ŉ belangrike handelspos nie, maar ook ŉ basis waar Portugese vlote op die *Carreira da Índia* hulle siek bemanningslede kon agterlaat om te herstel, nuwe

24. E. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1488-1600* (C. Struik, Cape Town, 1973), p 60; Newitt, *A History of Mozambique*, p 19; Theal, *History of South Africa before 1795* II, pp 206-207.
25. Pereira (Ed), *Dicionário Ilustrado da História de Portugal* I, p 482; H.J. van Aswegen, *Geskiedenis van Afrika*: *Van die Vroegste Oorspronge tot Onafhanklikheid* (Academica, Pretoria & Kaapstad, 1980), p 135; Newitt, *A History of Mozambique*, p 19; Theal, *History of South Africa before 1795* II, p 210; J. Kirkman, *Men and Monuments on the East African Coast* (Lutterworth Press, London, 1964), p 209.
26. G. Correa, *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa* II (C. Struik, Cape Town, 1964), p 44; Theal, *History of South Africa before 1795* II, pp 209-210; De Lima (Ed), *A Ilha de Moçambique en Perigo de Desaparencimento*, p 30; Lobato, *A Ilha de Moçambique (Monografia)*, p 4; Da Cunha, *Antigüidades Históricas da Ilha de Moçambique*, p 97; Guedes, "O Moçambique que Camões, seus Amigos e Inimigos, Viram", *Cidades Africanas*, 5, Maio 2005, p 15; Lobato, "A Ilha de Moçambique Antes de 1800", *Oceanos*, 25, Janeiro-Março 1996, p 13; http://www.ilhademo.net.
27. Dos Santos, *in* Theal, *Records …* VII, p 316; Newitt, *A History of Mozambique*, pp 130, 132; E. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700* (Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1960), p 3; Guedes, "O Moçambique que Camões, seus Amigos e Inimigos, Viram", *Cidades Africanas*, 5, Maio 2005, pp 18-19; J.M. Fernandes, *Synthesis of Portuguese Culture: Architecture*, (Imprensa Nacional – Casa da Moeda, Lisbon, 1991), p 60; Lobato, *A Ilha de Moçambique (Monografia)*, p 61; Kirkman, *Men and Monuments on the East African Coast*, pp 209-210; http://www.ilhademo.net.

bemanningslede aan boord kon neem, vars voedselvoorrade en water kon inskeep en herstelwerk aan hulle skepe kon doen.[28]


Dit het spoedig geblyk dat die eerste fort op die verkeerde plek opgerig is en nie teen ŉ artillerie-aanval bestand sou wees nie. João de Castro, die goewerneur van Indië, het gevolglik in 1545 aanbeveel dat ŉ nuwe vesting op die noordoostelike rotsagtige punt van die eiland gebou moes word. Koning João III (1502-1557) het De Castro se planne gesteun,[29] maar dit was eers in 1558 dat dona Catarina (1507-1578), weduwee van koning João III en regentes van 1557 tot 1568 in die plek van haar minderjarige kleinseun, koning Sebastião (1554-1578), na aanleiding van ŉ verwagte aanval van die Turke besluit het dat ŉ eersteklas fort op Ilha de Moçambique gebou moes word.[30]

Om die nuwe fort te beplan, is ŉ briljante Portugese ingenieur-argitek, Miguel de Arruda, na Ilha de Moçambique gestuur. De Arruda het ook in Portugal belangrike werk gedoen. Hy was byvoorbeeld van 1533 tot met sy dood in 1563 by die oprigting van die manjifieke *Mosteiro de Santa Maria da Vitória* [Klooster van Onse Liewe Vrou van Oorwinning] in Batalha betrokke, maar die rede waarom De Arruda as argitek van die *Fortaleza de São Sebastião* aangewys is, was waarskynlik omdat hy in 1556 vir die ontwerp van en toesig oor die oprigting van die soortgelyke *Fortaleza de São João da Barra* [Fort van die Heilige Johannes van die Hawe-ingang] by Oeiras, digby Lissabon, verantwoordelik was.[31] Die ooreenkomste tussen die *Fortaleza* by Oeiras en die een op Ilha de Moçambique is opvallend.

---

28. Lobato, *A Ilha de Moçambique (Monografia)*, p 55; C.R. Boxer, "Moçambique Island and the *Carreira da Índia*", *Studia*, 8, Julho 1961, p 96; Newitt, *A History of Mozambique*, pp 130-131, 167.
29. Lobato, *A Ilha de Moçambique (Monografia)*, p 9; Lobato, "A Ilha de Moçambique Antes de 1800", *Oceanos*, 25, Janeiro-Março 1996, p 19; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1488-1600*, pp 138-139.
30. Dos Santos, *in* Theal, *Records …* VII, pp 186-187; Theal, *History of South Africa before 1795* II, pp 241-242; M. de Sousa, *Reis e Rainhas de Portugal* (SporPress, Men-Martins, 2002), pp 93, 97; Pereira (Ed), *Dicionário Ilustrado da História de Portugal* I, p 116.
31. J.A.F. de Almeida (Ed), *Tesouros Artístocos de Portugal* (Selecções do Reader's Digest, Lisboa, 1976), pp 128-129; Fernandes, *Synthesis of Portuguese Culture: Architecture*, p 38; S.G. de Andrade, *Santa Maria da Vitória, Batalha* (Publicidade Artes Gráficas, Lisboa-Mafra, 1992), pp 76, 88, 94; J. Gil and A. Cabrita, *The Finest Castles in Portugal* (Editorial Verbo, Lisbon & São Paulo, 1989), pp 170-171.

Die bouwerk aan die *Fortaleza de São Sebastião* het in 1558 onder toesig van De Arruda begin. Die mure is deur Portugese vakmanne en slawe van groot granietblokke gebou wat indertyd as ballas in die skepe uit Portugal saamgeneem is. Die bouery het dus jare in beslag geneem, want die arbeid kon slegs voortgesit word wanneer daar 'n nuwe lading klippe aangekom het. Die basiese bouwerk is teen 1583 afgehandel, maar daarna is daar nog kleiner aanbouings en veranderings aangebring sodat die *Fortaleza* tydens die Nederlandse blokkades in 1604, 1607 en 1608 nog steeds nie heeltemal voltooi was nie, maar eers in 1620 afgehandel is.[32]



PLAN VAN FORTALEZA DE SÃO SEBASTIÃO,
ILHA DE MOÇAMBIQUE
Uit: A.V. de Lima, *A Ilha de Moçambique em Perigo de Desaparecimento* (Fundação Calouste Gulbenkian, Oporto, 1983), p. 24.

**Figuur 3: Plan van *Fortaleza de São Sebastião.***

## Nederlandse belangstelling in en blokkade van Ilha de Moçambique

32. Dos Santos, *in* Theal, *Records …* VII, p 316; Lobato, *A Ilha de Moçambique (Monografia)*, p 55; Theal, *History of South Africa before 1795* II, pp 242-243.

In die loop van die sestiende eeu het Spanje beheer oor die Nederlande verkry en in 1555 is Felipe II (1527-1598) van Spanje as koning gekroon. Die sewe noordelike Nederlandse provinsies het hulle egter tydens sy bewind en daarna deur middel van die Tagtigjarige Oorlog (1568-1648) teen die Spaanse oorheersing verset. In 1580 het Spanje ook Portugal beset en is die Spaanse en Portugese vorstehuise verenig in die persoon van koning Filip II van Spanje, wat in Portugal as Filipe I (1527-1598) bekendgestaan het. Hy het alle Spaanse en Portugese hawens vir Nederlandse skepe gesluit sodat die Nederlanders se toegang tot Oosterse produkte afgesny was. Dit het die Nederlanders gedwing om self om die Cabo de Boa Esperança na die Ooste te vaar om handelsware te bekom.[33]

### *a. Begin van die wedywering tussen Portugal en Nederland*

Die Nederlandse pionier wat die pad na die Verre Ooste vir sy volk sou aanwys, was die reisiger en skrywer Jan Huygen van Linschoten (*circa* 1563-1611). In 1580 het hy na Lissabon gegaan, waarvandaan hy in 1583 na Goa in Indië gereis het. Onderweg het hy ook van 5 tot 20 Augustus 1583 op Ilha de Moçambique vertoef. In die Ooste het hy soveel gegewens as moontlik oor alles wat vir hom in Asië as belangwekkend voorgekom het, versamel. Hy het tot aan die begin van 1589 in Indië gebly en eers in 1592 via Lissabon na sy vaderland teruggekeer. Sy reisbeskrywings, *Itinerario: voyage ofte schipvaert van Jan Hughen van Linschoten, naer oost ofte Portugaels Indien …*, wat in 1595 en 1596 in Amsterdam uitgegee is, was vir latere seevaarders na die Ooste van groot waarde. Uit Portugese bronne het Van Linschoten die Portugese se seevaartgeheime versamel en in sy publikasies geopenbaar. Uit eie ervaring en deur navrae het Van Linschoten onder meer ŉ deeglike verslag oor Ilha de Moçambique saamgestel.[34]

In 1592 is Cornelis de Houtman (1565-1599) deur ŉ aantal Amsterdamse handelaars na Lissabon gestuur om daar geheime inligting aangaande die Oos-Indiese handel in te samel. Toe De Houtman in 1594 na Nederland teruggekeer het, was Van Linschoten se gegewens reeds tot

33. C.R. Boxer, *The Portuguese Seaborne Empire, 1415-1825* (Carcanet, Lisbon, 1991), p 108; J. Duffy, *Portuguese Africa* (Harvard University Press, Cambridge, 1959), p 40; Van Aswegen, *Geskiedenis van Afrika*, p 142.

34. De Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* I, pp 865-866; S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika (1652-1795)* I (Universiteits-Uitgewers, Stellenbosch & Grahamstad, 1955), pp 35-36; Theal, *History of South Africa before 1795* II, pp 338-339.

die geïnteresseerdes se beskikking.[35] Met al hierdie inligting tot hulle beskikking het die handelaars besluit om in 'n maatskappy, die eerste "Compagnie van Verre", te verenig. Op 2 April 1595 het hulle eerste vloot, bestaande uit vier skepe, die *Hollandia*, die *Mauritius*, die *Amsterdam* en die *Duifken*, met Cornelis de Houtman as opperkommies of hoof van die handelsafdeling, Texel verlaat. Dit was die eerste Nederlandse skepe wat om die Kaap die Goeie Hoop gevaar het. Die reis was 'n sukses, Java is bereik en 'n handelsverdrag is met die vors van Bantam gesluit. Voortaan was handel deur Lissabon nie meer nodig nie. Bowendien het hulle ontsag vir die bekwaamheid van die Portugese aansienlik gedaal.[36]

Na die terugkeer van De Houtman en sy reisgenote in 1597 was die handelaars van Amsterdam en ander stede gereed om op 'n veel groter skaal met die vaart na Indië voort te gaan. Verskillende maatskappye is gestig en weldra het een na die ander vloot om die Kaap gevaar.[37] Mettertyd het daar 'n groot mate van onderlinge konkurrensie tussen hierdie Nederlandse maatskappye ontstaan sodat 'n vereniging van die verskillende maatskappye dringend noodsaaklik geword het.[38] Gelukkig het Nederland destyds in Johan van Oldenbarneveldt (1547-1619) 'n sterk staatsman gehad wat, met die hulp van die stadhouer, die Prins van Oranje, Maurits van Nassau (1567-1625), die leiding kon neem en dit kon bewerkstellig dat al die konkurrerende Nederlandse maatskappye op 20 Maart 1602 in één groot Vereenigde Oost-Indische Compagnie (VOC) opgeneem is. Dit het bestaan uit ses kamers, gevorm uit die vroeëre maatskappye met hulle hoofsetels in Amsterdam, Zeeland, Delft, Rotterdam, Enkhuizen en Hoorn. Die sentrale liggaam met beslissende

35. De Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* I, p 220; Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika* I, p 36.
36. A. van Hulzen, *Vaderlandse Geschiedenis* I (Wolters-Noordhoff, Groningen, 1970), pp 272-273; A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* I (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1955), p 43; Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika* I, p 36; Theal, *History of South Africa before 1795* II, p 341.
37. Newitt, *A History of Mozambique*, p 169; Theal, *History of South Africa before 1795* II, pp 344-345.
38. A. de Booy (red.), *De Derde Reis van die V.O.C. naar Oost-Indië Onder het Beleid van Admiraal Paulus van Caerden Uitgezeild in 1606* (Martinus Nijhoff, 's-Gravenhage, 1968), p 41; De Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* I, p 221; Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika* I, pp 37-38.

bevoegdheid was die Here XVII.[39] Die VOC sou ŉ monopolie op alle handel oos van die Kaap die Goeie Hoop hê en uitgebreide handels-, militêre en politieke magte is deur die State-Generaal aan die Kompanjie toegeken. Die oktrooi van die VOC het onder meer bepaal dat die mag, die prestige en die rykdom van die Portugese in Asië uitgedaag moes word.[40]

In die wedywering wat tussen die Nederlanders en Portugese ontstaan het, was daar ook ŉ religieuse ondertoon, want die Rooms-Katolieke Portugese en die Calvinisties-Protestantse Nederlanders het hulle as kampvegters vir hulle onderskeie godsdienstige oortuigings beskou. Die meeste Nederlandse leiersfigure met wie die Portugese in aanraking gekom het, was oortuigde Calviniste wat die Rooms-Katolieke Kerk as die "Groot Hoer van Babilon" en die Pous as ŉ egte Antichris beskou het, terwyl die Portugese daarvan oortuig was dat redding alleen bereik kon word deur die dogmas van die Rooms-Katolieke Kerk na te kom. Hulle het die Nederlandse Calviniste as ketters beskou wat verdien het om op die brandstapel te sterf.[41]

Die stryd tussen Portugal en Nederland het reeds in 1598-1599 met aanvalle van Nederlandse oorlogskepe op die Portugese eilande Príncipe en São Tomé begin, maar het later na aanvalle op Portugese nedersettings aan die kuste van Asië, Afrika en Brasilië verskuif.[42] Die Indiese Oseaan het ŉ belangrike deurgangsroete vir die maatskappy se vlote wat by die speseryhandel in Asië en Nederlands-Oos-Indië betrokke was, geword. Dit was dus te verwagte dat die VOC ook in die kuste aan en die eilande in die Indiese Oseaan – waaronder Ilha de Moçambique – sou belangstel.[43]

---

39. C.L. Temminck Groll, *The Dutch Overseas: Architectural Survey* (Waanders Publishers, Zwolle, 2002), p 64; J.A. Hammerton (ed), *Concise Universal Biography* III (Educational Book Company, London, s.d.), p 1050; Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika* I, pp 39-40.
40. J.I. Israel, *Dutch Primacy in World Trade, 1585-1740* (Clarendon Press, Oxford, 1989), pp 70-71.
41. C.R. Boxer, *Portuguese and Dutch Colonial Rivalry, 1641-1661* (Centro de Estudos Históricos Ultramarina, Lisboa, 1958), p 9; Boxer, *The Portuguese Seaborne Empire, 1415-1825*, p 107.
42. Boxer, *The Portuguese Seaborne Empire, 1415-1825*, p 109.
43. C. de Wet, "Die VOC-nedersetting aan die Kaap die Goeie Hoop se Betrokkenheid by die Lande aan die Westelike Indiese Oseaan, 1652-1700", *Historia*, 47, 1, Mei 2002, pp 219-220.

### *b. Eerste Nederlandse blokkade, 1604*

Op 18 Desember 1603 het Steven van der Hagen uit Nederland na Indië vertrek met ŉ groot en formidabele vloot bestaande uit twaalf skepe, naamlik die *Vereenigde Provincien*, *Amsterdam*, *Dordrecht*, *Hoorn*, *West Friesland*, *Gelderland*, *Zeelandia*, *Hof van Holland*, *Delft*, *Enkhuizen*, *Medenblik* en *Duifken* met ŉ bemanning van 1 200 aan boord om die Portugese se beheer oor die handel met die Ooste oor te neem.[44]

Van der Hagen se vloot het op 17 Junie 1604 suid van Ilha de Moçambique opgedaag en daar buite trefafstand van die geskut van die *Fortaleza de São Sebastião* anker gegooi. Soos die gewoonte was wanneer ŉ aanval gedreig het, het al die Portugese op die eiland hulle wonings ontruim en in die *Fortaleza* skuiling gesoek.[45]

*Fortaleza de São Sebastião* het in daardie stadium net oor ŉ klein garnisoen van 60, in plaas van die voorgeskrewe 100 soldate beskik. Die Nederlanders het op 18 Junie 1604 die omgewing in hulle bote verken en op ŉ blokkade van die eiland besluit. Hulle het ŉ skeepsjonge en ŉ *mulato* [halfbloed] gevange geneem en van hulle verneem dat hulle skip, ŉ Portugese karrak, naby die fort geanker was met ŉ vrag ivoor aan boord, wagtend vir ŉ vloot uit Lissabon vir die oorvaart na Goa. Van der Hagen en sy offisiere het besluit om twee sloepe met geskut te stuur om die karrak aan te val en ten spyte van kanonvuur uit die *Fortaleza* het die Nederlanders die skip gebuit.[46]

Op 30 Junie 1604 het ŉ klein Portugese sloep afkomstig van een van die faktorye langs die kus met ŉ vrag rys en ivoor aan boord Ilha de Moçambique genader, onbewus van die Nederlandse bedreiging, sodat dit maklik deur die Nederlanders verower en deur hulle die *Mozambique* gedoop is. Daarna het die blokkade vir vyf weke voortgeduur sonder dat

---

44. G.M. Theal, *The Portuguese in South Africa* (J.C. Juta, Cape Town, & T. Fisher Unwin, London, 1896), pp 211-212; N.G. van Kampen, *Geschiedenis der Nederlanders buiten Europa* (François Bohn, Haarlem, 1831), pp 140-141.
45. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 16; Theal, *The Portuguese in South Africa*, p 212.
46. Theal, *The Portuguese in South Africa*, p 212; S.R. Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640* (Juta & Co., Cape Town & Johannesburg, 1950), p 309; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 16; D.J. Potgieter (ed), *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* VII (Nasou Ltd, Cape Town, 1972), p 610; Van Kampen, *Geschiedenis der Nederlanders Buiten Europa*, p 141.

daar iets noemenswaardig gebeur het. Op 5 Augustus 1604 het vyf *pangaios* [handelsvaartuie] opgedaag met rys en mielies aan boord. Die Nederlanders het dadelik ook op dié vaartuie beslag gelê.[47]

Drie dae later, op 8 Augustus 1604, het Van der Hagen met 150 man op die eiland geland, maar weinig gevind waarin hulle geïnteresseerd was omdat die Arabiese handelaars hulle handelsware in die *Fortaleza* geberg het. Behalwe dat hulle een huis laat afbrand het, het hy en sy geselskap verder geen skade aangerig nie en teen aandskemering ietwat teleurgesteld na hulle skepe teruggekeer.[48]

Van der Hagen was nou gretig om sy reis na die Malabarkus in Indië en die Molukke voort te sit omdat hy besef het dat hy met die militêre mag tot sy beskikking nie die Portugese op Ilha de Moçambique sou kon oorwin nie. Op 25 Augustus 1604 het hulle vertrek nadat die Portugese karrak wat hulle verower het, aan die brand gesteek is. Die *Delft*, *Enkhuizen* en *Duifken* is onder bevel van Willem Cornelis Houten agtergelaat om die verwagte Portugese skepe uit Lissabon in te wag, maar dié drie skepe was nie teen die Portugese opgewasse nie. Hulle enigste buit was 'n Arabiese dhow waarop geen waardevolle vrag was nie, sodat hulle onverrigter sake na Indië vertrek en in November 1604 in Malakka by die res van die vloot aangesluit het.[49] Die eerste Nederlandse blokkade van Ilha de Moçambique in 1604 het die kusvaart ontwrig, maar die onverowerbaarheid van die *Fortaleza de São Sebastião* het 'n langdurige beleg ontmoedig en die blokkade laat misluk.[50]

### *c. Tweede Nederlandse blokkade, 1607*

Die man wat vir die tweede Nederlandse blokkade van Ilha de Moçambique verantwoordelik was, was Paulus van Caerden (1569-1615), wat in 1595 vir die eerste keer saam met Cornelis de Houtman na Oos-Indië gevaar het. In 1599 het hy weer as vise-admiraal na die Ooste in

47. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 16; Theal, *History of South Africa before 1795* II, pp 353-354; Van Kampen, *Geschiedenis der Nederlanders Buiten Europa*, p 141.
48. Theal, *The Portuguese in South Africa*, p 212; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 16; Lobato, *A Ilha de Moçambique (Monografia)*, p 56; Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640*, pp 309-310.
49. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 16; Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640*, pp 309-310; Theal, *History of South Africa before 1795* II, p 354.
50. Duffy, *Portuguese Africa*, p 40; Theal, *History of South Africa before 1795* II, p 354.

die vloot van Pieter Both gevaar. Dit was tydens sy terugvaart in 1601 wat hy die Portugese pleknaam Bahia de São Bras na Mosselbaai verander het omdat mossels die enigste voedsel was wat hy daar kon vind.[51]

Op 20 April 1606 het admiraal Paulus van Caerden op sy derde reis na die Ooste vertrek.[52] Teen die aand van 29 Maart 1607 het hy naby Ilha de Moçambique opgedaag met agt skepe, naamlik die *Banda*, *Walcheren*, *Bantam*, *Ter Veere*, *Zierikzee*, *China*, *Patane*, *Ceylon* en 'n seiljag. Aan boord was 1 060 bemanningslede.[53] Die Nederlandse vloot het by Ilha de São Jorge geanker, waarna 'n paar futiele, maar uitdagende skote van die *Fortaleza* op hulle gevuur is.[54]

Die *Fortaleza* was in 'n beter staat van verdediging as tydens die eerste blokkade omdat 'n groot voorraad ammunisie intussen van Goa ontvang en die garnisoen, onder bevel van Estevão de Ataíde, met 150 man versterk is.[55] Ongelukkig het De Ataíde egter 'n groot aantal garnisoenslede en 30 bewoners van die eiland op 'n handelstog na die Zambesi gestuur, sodat die *Fortaleza* se verdediging deur 60 soldate, 30 bewoners van die eiland en 30 ander persone behartig moes word. Bowendien was daar nie 'n enkele opgeleide kanonnier nie.[56]

Van Caerden en sy offisiere het oor inligting aangaande Ilha de Moçambique uit geskrifte van Van Linschoten en Van der Hagen beskik, maar het tog besluit om self ook die gebied te verken. Op Saterdag 30 Maart 1607 het die *Ceylon* die kanaal ondersoek, gevolg deur *Ter Vere*

---

51. De Booy (red.), *De Derde Reis van die V.O.C. naar Oost-Indië*, pp 20-22; De Kock, *Portugese Ontdekkers om die Kaap*, p 104; D.W. Krüger en C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* III (Tafelberg-Uitgewers vir RGN, Kaapstad, 1977), p 818; Theal, *The Portuguese in South Africa*, p 203.
52. De Booy (red.), *De Derde Reis van die V.O.C. naar Oost-Indië*, pp 22-23, 38, 100; Krüger & Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* III, p 818.
53. L.C. de Barbuda, *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa* II (C. Struik, Cape Town, 1964), p 363; Dos Santos, *in* Theal, *Records …* VII, p 333; Theal, *The Portuguese in South Africa*, p 213; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 20, note 19; J. van Goor, *De Nederlandse Koloniën: Geschiedenis van de Nederlandse Expansie, 1600-1975* (J. van Goor, Den Haag, 1994), p 30.
54. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 17.
55. Dos Santos, *in* Theal, *Records …* VII, p 333; Theal, *The Portuguese in South Africa*, p 213.
56. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, p 363; Dos Santos, *in* Theal, *Records …* VII, pp 333-334; Theal, *History of South Africa before 1795* II, p 354; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, pp 17-18.

en die *Bantam*. Die *Bantam* het na die *Fortaleza de São Sebastião* gevuur om dekking aan die ander twee skepe te verskaf. Uit die *Fortaleza* het die Portugese heftig met swaar artillerie geskiet, maar die skade aan die Nederlandse skepe was gering omdat die *Fortaleza* se borswerings so hoog was dat die Portugese kanonne nie laag genoeg gestel kon word om die Nederlandse skepe mooi onder skoot te kry nie. Volgens Nederlandse bronne is drie Portugese vaartuie deur die Nederlanders verower, terwyl ŉ Portugese bron beweer dat die Nederlanders slegs op die sloep, wat hulle tot *De Jager* herdoop het, beslag gelê het en dat twee galjoene gestrand het en in opdrag van De Ataíde aan die brand gesteek is.[57]

Op 31 Maart 1607 het die Nederlandse skepe in dubbelgelid deur die 500 meter breë kanaal gevaar. Die Portugese kon nie anders as om die opstelling van die vyandelike skepe, die wapperende vlae, die tromgeroffel, die trompetgeskal en die geluid van fluite en herdersfluite te bewonder nie. Wedersyds is heftig op mekaar gevuur. Een skip het omgedraai, maar die ander het die vaart voltooi, hoewel hulle seile en tuigasie erg beskadig was.[58]

Vroeg die oggend van 1 April 1607 het Van Caerden met tussen 500 en 700 man en sewe groot kanonne aan land gegaan en in gelid gemarsjeer, terwyl tromme geslaan en op trompette geblaas is. Sonder teenstand het hulle die ontruimde dorp beset en die Dominikaanse klooster, *Convento de São Domingo*, met daarnaas die *Igreja de Nossa Senhora do Rosário* [Kerk van Onse Liewe Vrou van die Rosekrans], hulle hoofkwartier gemaak.[59] Van Caerden het sy bemanning in die beste huise op die eiland laat intrek. De Ataíde het darem 50 musketiers uitgestuur om sy teenstand teen die besetting van die dorp te wys, maar nadat hulle ŉ sarsie op die Nederlanders gevuur het, het hulle na die *Fortaleza* teruggekeer. ŉ Groep Nederlanders het ŉ siek Portugees en

57. De Booy (red.), *De Derde Reis van die V.O.C. naar Oost-Indië*, pp 42-43, 102-103; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 18; Theal, *The Portuguese in South Africa*, p 213; Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640*, p 312.

58. Dos Santos, *in* Theal, *Records …* VII, pp 333-334; De Booy (red.), *De Derde Reis van die V.O.C. naar Oost-Indië*, pp 43, 103; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 18.

59. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, p 364; Dos Santos, *in* Theal, *Records …* VII, p 334; Da Cunha, *Antigüidades Históricas da Ilha de Moçambique*, p 171; De Booy (red.), *De Derde Reis van die V.O.C. naar Oost-Indië*, p 43; Theal, *The Portuguese in South Africa*, pp 213-214; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 19.

van die inheemse mense gevange geneem en hulle saam met 'n aantal slawe in 'n kerk aangehou. Tydens ondervraging het hierdie gevangenes gesê dat 'n groot Portugese vloot binne 'n maand uit Portugal by die eiland sou aankom. Verder het hulle die Nederlanders meegedeel dat die *Fortaleza* se mure uit dun buite- en binnemure bestaan en dat die ruimte daartussen met sand opgevul was. Die mure sou dus maklik platgeskiet kon word.[60]

Die volgende dag, 2 April 1607, het die Nederlanders 'n veldskans langs een van die kloosterdeure opgerig. Hier is twee kanonne geplaas. Onder dekking van kanonvuur, het die Nederlanders ander kanonne in 'n beter posisie geplaas. Die Nederlanders het 'n loopgraaf van die veldskans tot by die portiek van die *Capela de São Gabriel* naby die *Fortaleza* gegrawe. Hulle het ook gate in die symuur van die kapel gemaak en 'n battery, genaamd *Nassau*, in die kerkie opgestel. Verder het hulle nog 'n loopgraaf aan die kant van die kapel gegrawe, waar hulle nog 'n skans opgerig en 'n battery, genaamd *Oranje*, daarin opgestel het. Hierdie twee batterye het elkeen uit drie kanonne bestaan. 'n Paar dae later is 'n derde battery buite die klooster opgestel. Dié battery is na Van Caerden vernoem.[61]

Onder dekking van die artillerie- en geweervuur het die Nederlanders vier loopgrawe, ongeveer 2,5 meter diep en nagenoeg 2 meter wyd van die kapel na die *Fortaleza* gegrawe, waarvan drie in die rigting van die hoofingang geloop het. By die hoofingang het die Nederlanders nog 'n platform van grond en houtpale gebou, waarop vyf kanonne geplaas is. Die kanonvuur hiervandaan het groot skade aan die bastion *Santo António*, waarvandaan die Portugese die hoofingang verdedig het, aangerig, maar die vroue het dieselfde nag nog 'n duisend sandsakke aangedra om die beskadigde dele te versterk. Op hulle beurt het die Portugese musketiers vanaf die bastion op die Nederlanders gevuur.[62]

---

60. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, p 364; Dos Santos, *in* Theal, *Records …* VII, p 334; De Booy (red.), *De Derde Reis van die V.O.C. naar Oost-Indië*, pp 43, 104; Theal, *The Portuguese in South Africa*, pp 213-214; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 19, note 17; Newitt, *A History of Mozambique*, p 132.
61. De Booy (red.), *De Derde Reis van die V.O.C. naar Oost-Indië*, pp 43-44, 104-106; De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, p 364; Dos Santos, *in* Theal, *Records …* VII, p 334; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 19; Da Cunha, *Antigüidades Históricas da Ilha de Moçambique*, p 167.
62. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, pp 364-365; Dos Santos, *in* Theal, *Records …* VII, p 334; Theal, *History of South Africa before 1795* II, pp 355-356; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, pp 19-20.

Een oggend het die Portugese ŉ nuwe en gevaarlike Nederlandse bedenksel ontdek. Dit was ŉ toring, gemaak van grond, hout en kiste wat met sand gevul was, slegs dertig meter van die muur van die *Fortaleza* en so hoog dat dit ŉ beheersende posisie oor die borswerings van die bastion *São Gabriel* gehad het. Skote uit hierdie toring het ŉ aantal Portugese in die *Fortaleza* gedood. As teenmaatreël het die Portugese twee stellasies van hout, grond en sandsakke gebou wat oor die bastion uitgesteek het, waarvandaan hulle die Nederlandse vuur beantwoord het.[63]

Van Caerden het sy laaste kaart gespeel. Hy het een nag ŉ Nederlander met ŉ bulderende stem na die toring gestuur om ŉ boodskap na die Portugese te skree. In Spaans het die boodskapper geskree dat om te veg sonder om te onderhandel die manier van wilde diere is en dat oorlog tussen beskaafde mense nie sonder gesprek gevoer behoort te word nie. Omstandighede het hulle vyande gemaak, maar van nature is hulle broeders. Hy het verder ŉ kort wapenstilstand gevra, waartydens hulle oor hulle seges kon gesels en daarna die geveg soveel beter kon voortsit.[64] Die bedekte doel van die Nederlanders met hierdie voorstel tot ŉ wapenstilstand was om sonder die gevaar van artillerievuur hulle nog nader aan die *Fortaleza* in te grawe.[65]

Estevão de Ataíde het die voorstel verwelkom omdat dit hom die nodige tyd sou gee om die skade aan die *Fortaleza* te herstel. Hy het dus ingestem dat hulle gedagtes kon wissel. Die Nederlandse afgevaardigdes het na die plein voor die *Fortaleza* gekom, die Portugese op die mure van die *Fortaleza* hoflik gesalueer en aan die Portugese die jongste nuus uit Europa meegedeel. Hulle het vertel dat die Nederlandse vloot die hawe van Lissabon geblokkeer het – wat natuurlik nie waar was nie. Verder het hulle vertel dat ŉ Nederlandse vloot van dertien skepe onderweg was, sodat die Portugese nie teen die Nederlandse seemag opgewasse sou wees nie. Hulle het ook gesuggereer dat die Portugese so gedegenereer het dat hulle skaars as nasate van die vroeëre Portugese beskou kon word. Dit sou dus vir die Portugese voordelig wees om die *Fortaleza de São Sebastião* dadelik aan die Nederlanders oor te gee.[66]

---

63. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, p 365; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 20.
64. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, pp 365-366; Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640*, pp 312-313.
65. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, p 366.
66. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, pp 366-367; Theal, *History of South Africa before 1795* II, p 356; De Booy (red.), *De Derde Reis van die V.O.C. naar Oost-Indië*, pp 44-45; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 21; Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640*, p 313.

De Ataíde het geantwoord dat die Portugese die Nederlanders as seerowers en rebelle beskou, wie se gruweldade groter as hulle verwaandheid was. Indien hulle wou weet waartoe die Portugese in die *Fortaleza* in staat was, moes hulle aanvoerder 50 Nederlanders stuur om 25 Portugese in ŉ gevegsituasie te ontmoet. Indien die Nederlanders sou wen, sou die Portugese bereid wees om die *Fortaleza* prys te gee. Die keuse van die dag waarop en die wapens waarmee daar geveg sou word, het De Ataíde aan die Nederlanders oorgelaat. Die Nederlanders se antwoord daarop was dat dit slegs ŉ poging van ŉ swak mag was om ŉ maklike nederlaag te verkry en dat De Ataíde nie kon bekostig om 25 soldate te verloor nie. De Ataíde is aangeraai om oor te gee, want as die Nederlanders die *Fortaleza* verower het, sou geen genade betoon word nie. Die Portugese het geantwoord dat die Nederlanders nie weet hoe om eerbaar op te tree nie en dat hulle nie langer na die gebabbel kon luister nie. Die enigste gesprek wat hulle verder sou voer, was deur middel van hulle wapens, aangesien die Nederlanders beter praters as daders was. Die wapenstilstand was verby.[67]

Die Nederlanders het van die wapenstilstand gebruik gemaak om swaar eikeplanke aan te dra en die loopgraaf wat van die basis van die toring geloop het, daarmee te bedek. Toe die Portugese dit in die daglig ontdek het, was die loopgraaf so na aan die *Fortaleza* dat hulle kanonne nie so laag gestel kon word om daarop te vuur nie, terwyl die planke die grawers daaronder teen skote van die Portugese musketiers beskerm het. Portugese soldate het van De Ataíde verlof gevra om tydens ŉ uitval in die nag die planke aan die brand te gaan steek, maar De Ataíde wou nie daartoe instem nie.[68]

Daardie nag, onder dekking van ŉ hewige donderstorm, het die Nederlanders hulle loopgraaf verder uitgebrei. ŉ Portugese brandwag het die vonke sien spat wanneer die graafgereedskap die rotse getref het en het die kaptein van die bastion gaan roep. Diogo Carvalho, die kaptein van die bastion *São Gabriel*, het homself met ŉ tou laat afsak om vas te stel wat aan die gang was. Toe hy sien hoe naby die Nederlanders reeds aan die *Fortaleza* gevorder het, het hy na sy soldate geskree dat hulle die vyand moes stuit. Die alarmklok is gelui, waarop die Portugese blindweg

67. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, pp 367-368; De Booy (red.), *De Derde Reis van die V.O.C. naar Oost-Indië*, p 45; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 21; Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640*, p 313.

68. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 21.

in die nag skote geskiet en brandende teerpotte gebruik het om die terrein te verlig, maar ook in die loopgrawe te gooi.[69]

Gedurende die nag van 17 April 1607 het lede van die Portugese garnisoen onder bevel van De Ataíde die *Fortaleza* verlaat met die doel om die Nederlanders se stellings op die eiland te vernietig, maar is spoedig na die *Fortaleza* teruggedryf. Die Nederlanders het daarna ŉ loopgraaf tot naby die muur van die bastion *São Gabriel* gegrawe.[70] Die Portugese het die grawers enkele treë van hulle doelwit gestuit. Die nag van 29 April 1607 was die Nederlanders verplig om terug te val.[71]

Lede van die Portugese garnisoen het gevoel dat die tyd aangebreek het om ŉ teenaanval te loods. Hierdie keer het dit die goedkeuring van De Ataíde weggedra. Hulle het dus dieselfde nag, 29 April 1607, onder dekking van die donker en ŉ donderbui, deur die agterpoort op die strand uitgegaan en na die Nederlanders se loopgrawe gegaan, maar hoewel hulle 25 in getal was, kon hulle die goedgeankerde koeëlskerms nie beweeg nie. Omdat hulle nie gewere in die reën kon gebruik nie, het hulle die Nederlanders verras deur pyle met kruisboë af te skiet. In die proses het hulle twee brandwagte gedood en twee is gevange geneem en onder toesig van twee Portugese soldate geplaas. Die twee gevangenes het weerstand gebied, sodat hulle terstond gedood en onthoof is. Die ander 23 Portugese het die Zeelanders in die naaste posisie aangeval. Intussen het die ander Nederlanders van die aanval bewus geword en is versterkings inderhaas gestuur. Na ŉ deurmekaar vegtery het die Portugese geleidelik teruggeval. Die Portugese wat op die mure van die *Fortaleza* was, het kruitpotte, potte met brandende pik, sandsakke, klippe en selfs kanonwaens op die naderende Nederlanders se koppe afgegooi. Nie ŉ enkele Portugese soldaat is gedood nie, maar almal was gewond. Die Portugese het bereken dat hulle 30 Nederlanders noodlottig getref en 30 gewond het.[72]

69. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, pp 368-369; Dos Santos, *in* Theal, *Records …* VII, p 335; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 21.
70. De Booy (red.), *De Derde Reis van die V.O.C. naar Oost-Indië*, p 107; Theal, *History of South Africa before 1795* II, pp 356-357; Theal, *The Portuguese in South Africa*, pp 214-215.
71. De Booy (red.), *De Derde Reis van die V.O.C. naar Oost-Indië*, pp 107-108; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, pp 21-22.
72. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, pp 369-371; Dos Santos, *in* Theal, *Records …* VII, p 335; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 22, note 21.

Die skok wat die Portugese aanval tot gevolg gehad het, was deurslaggewend. Dit het Van Caerden laat besef dat hy geen kans gehad het om die *Fortaleza* deur 'n direkte aanval te verower nie. Bowendien het sy bemanningslede by die dag in toenemende getalle aan koors en disenterie siek geword, sodat dit op tussen 20 en 30 gevalle per dag te staan gekom het.[73] Op 4 Mei 1607 het die Nederlanders begin om hulle kanonne in te skeep en het hulle slegs drie ligte stukke op die toring agtergelaat om enige verdere uitvalle van die Portugese te verhoed. Op 6 Mei 1607 was die inskeping van die kanonne afgehandel.[74]

Op 7 Mei 1607[75] het Van Caerden 'n nota aan De Ataíde gestuur waarin hy gedreig het om die kerke en kloosters in die dorp en die palmplantasies op die eiland, sowel as die plase op die vasteland af te brand indien die Portugese nie die *Fortaleza* as losprys sou oorgee nie. Ter wille van die onderhandelinge is op 'n kort wapenstilstand ooreengekom. Ses Nederlanders, geklee in Spaanse kostuums, het met Van Caerden se brief aan De Ataíde tot by die muur van die *Fortaleza* geloop en die Portugese gesalueer. Daarna is die brief aan 'n toutjie vasgemaak en opgehys. De Ataíde het geantwoord dat dit sy plig was om die *Fortaleza* te verdedig omdat hy geen ander opdrag van sy meerderes ontvang het nie en dat sy antwoord bloot as 'n gebaar van hoflikheid beskou moes word. Hulle was te trots om 'n losprys vir hulle eie eiendom aan die vyand te betaal. Daarna het Van Caerden van 10 en 13 Mei 1607 al die bote, kano's, huise en openbare geboue aan die brand laat steek en al die kokosneutbome op die eiland laat afkap. Op die vasteland is plase verwoes en baie inheemse mense gedood. 'n Groepie Nederlanders het teen die aand van 13 Mei 1607 die *Convento de São Domingos*, die *Igreja de São Gabriel* en die *Igreja de Espírito Santo* [Kerk van die Heilige Gees] en die beelde daarin verwoed aan die brand gesteek. Ook die hospitaal wat deur die Misericórdia in stand gehou is, is deur die

---

73. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, p 371; Theal, H*istory of South Africa before 1795* II, p 357; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 22; Van Kampen, *Geschiedenis der Nederlanders buiten Europa*, p 161; De Booy (red.), *De Derde Reis van die V.O.C. naar Oost-Indië*, p 109.
74. De Booy (red.), *De Derde Reis van die V.O.C. naar Oost-Indië*, p 109; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 22; Theal, *History of South Africa before 1795* II, p 357.
75. Die joernaal in De Booy gee die datum aan as 9 Mei 1607. De Booy (red.), *De Derde Reis van die V.O.C. naar Oost-Indië*, p 109.

Nederlanders verwoes.[76] Nadat die Nederlanders met hulle vernietigingswerk op die eiland klaar was, het hulle in gevegsorde na die bote gemarsjeer en sonder enige Portugese inmenging aan boord gegaan.[77]

Malaria en disenterie onder die Nederlanders het tot die redding van die Portugese gekom, want na weke se bombardement en beledigende optrede teenoor die Portugese, was die Nederlanders verplig om ŉ paar dae later die blokkade op te hef en gedurende die vroeë oggendure van ŉ donker, mistige nag op 16 Mei 1607 hulle ankers te lig en hulle seile te span. Soos die Nederlandse skepe by die *Fortaleza de São Sebastião* verbygevaar het, het albei kante vir oulaas elke moontlike kanon op mekaar afgevuur. In die proses is baie Nederlandse skepe raakgeskiet, maar slegs die *Zierickzee* se roer is getref sodat dié skip begin sink en naby Cabaceira gestrand het.[78]

Vir byna veertien dae het Van Caerden se vloot tussen Ilha de São Jorge en Ilha de Santiago vertoef om die skepe se tuigasie, ra's, seile en rompe te herstel en te wag op die aankoms van ŉ vloot van Portugal. Op 29 Mei 1607 het die Nederlandse skepe uiteindelik hulle ankers gelig en hulle agterstewes vir die *Fortaleza* gewys.[79]

Tydens hulle tweede twee maande lange poging om Ilha de Moçambique van die Portugese te verower, het die Nederlanders tussen 25 en 40 man verloor; sommige het gesneuwel en ander het as gevolg van koors beswyk. Tussen 70 en 80 Nederlanders was gewond en talle het malaria onder lede gehad. Die Portugese het die Nederlandse ongevalle op ŉ oordrewe 300 geskat. Aan die Portugese kant het 13 man gesneuwel, maar hulle het ook heelwat gewondes gehad.[80]

---

76. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, pp 371-372; Dos Santos, *in* Theal, *Records …* VII, pp 335-336; De Booy (red.), *De Derde Reis van die V.O.C. naar Oost-Indië*, pp 109-110; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 22; Theal, *The Portuguese in South Africa*, p 215; Lobato, "A Ilha de Moçambique Antes de 1800", *Oceanos*, 25, Janeiro-Março 1996, p 16.
77. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 22.
78. De Booy (red.), *De Derde Reis van die V.O.C. naar Oost-Indië*, p 45; De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, p 372; Theal, *History of South Africa before 1795* II, p 358; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 23; Duffy, *Portuguese Africa*, p 40; Theal, *The Portuguese in South Africa*, pp 214-215.
79. De Booy (red.), *De Derde Reis van die V.O.C. naar Oost-Indië*, pp 45-46, 110; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 23.
80. Dos Santos, *in* Theal, *Records …* VII, p 335; Theal, *History of South Africa before 1795* II, p 358; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 23; Theal, *The Portuguese in South Africa*, p 215.

Op 22 Junie 1607 het die bewoners van Ilha de Moçambique drie vaartuie waargeneem en was baie verlig om vas te stel dat dit Portugese oorlogskepe was. Dié Portugese eskader, onder bevel van Jerónimo Coutinho, was op die punt om op 4 Augustus 1607 sy reis na die Ooste voort te sit, toe agt skepe van Van Caerden se vloot weer hulle verskyning in die verte gemaak het. De Ataíde het dadelik die verdediging van die *Fortaleza* onder sy persoonlike beheer geneem. Ondervinding het geleer dat 'n battery nader aan die seevlak uiters noodsaaklik was, sodat Coutinho vyf kanonne beskikbaar gestel het wat met twee kanonniers en 50 musketiers langs die *Capela de Nossa Senhora do Baluarte* geplaas is.[81]

Op 10 Augustus 1607, normaalweg die laaste dag van die jaar waarop skepe van Ilha de Moçambique na Indië vertrek het, was Coutinho vasbeslote om deur die Nederlandse blokkade te breek. Toe De Ataíde hiervan verneem het, het hy amptelik daarteen beswaar gemaak omdat dit die *Fortaleza* aan hernude Nederlandse aanvalle sou blootstel. Nadat loodse en ander kenners geraadpleeg is, is besluit dat Coutinho se vertrek tot 25 Augustus 1607 uitgestel kon word. Die vertrek is verder vertraag deurdat een van sy skepe, die *São Francisco*, gestrand het.[82]

Nadat Van Caerden van die versterkings op Ilha de Moçambique verneem het, het hy besluit om die stryd gewonne te gee. Op 26 Augustus 1607 het sy vloot na Indië vertrek en die Malabarkus van Indië op 30 September 1607 in sig gekry. Vyf maande is by Ilha de Moçambique sonder enige betekenisvolle resultaat verspeel.[83]

Spoedig nadat die Nederlandse vloot onder bevel van Van Caerden vertrek het, het die Portugese op die eiland begin om hulle verwoeste

81. De Booy (red.), *De Derde Reis van die V.O.C. naar Oost-Indië*, pp 46, 112; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, pp 23-24; De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, p 373; Dos Santos, *in* Theal, *Records …* VII, p 336; Da Cunha, *Antigüidades históricas da Ilha de Moçambique*, p 167; Newitt, *A History of Mozambique*, p 170.
82. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, pp 372-373; Dos Santos, *in* Theal, *Records …* VII, pp 336-337; De Booy (red.), *De Derde Reis van die V.O.C. naar Oost-Indië*, p 46; Theal, *Records of South-Eastern Africa* V, pp 285-286; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 24.
83. De Booy (red.), *De Derde Reis van die V.O.C. naar Oost-Indië*, pp 46-48, 113-114; Dos Santos, *in* Theal, *Records …* VII, p 336; Newitt, *A History of Mozambique*, p 170; Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640*, pp 313-314; Theal, *History of South Africa before 1795* II, p 358.

huise, pakhuise, kerke en die Dominikaanse klooster te herbou. Die *Fortaleza* is herstel en van ŉ goeie voorraad voedsel en ammunisie voorsien. Die inheemse bewoners van die eiland het ook na hulle verwoeste huise teruggekeer en vir hulle nuwe wonings opgerig.[84]

Nog voordat nuus van die 1607-blokkade van Ilha de Moçambique Portugal bereik het, het koning Filipe II die nuut aangewese onderkoning van Indië, João Froyas Pereira, voor sy vertrek na die Ooste beveel om die *Fortaleza* op Ilha de Moçambique te inspekteer om seker te maak dat dit oor sy volle garnisoen van 150 man beskik en dat dit behoorlik van geskut en voorrade voorsien was. Die koning het ook sy opdrag herhaal dat daar ŉ grag voor die fort gegrawe moes word en dat die *Forte de Santo António* weer as ŉ fort ingerig moes word. Die onderkoning moes ook ŉ ingenieur saamneem om die mees geskikte plekke vir die plasing van twee laevlak batterye met vier stukke elk, waarvandaan die kanaal gedek kon word, te bepaal.[85]

Slegs veertien maande nadat die tweede Nederlandse blokkade van Ilha de Moçambique opgehef is, het koning Filipe II se waarskuwing aan die Portugese bevelvoerder van die eiland om altyd teen aanvalle waaksaam te bly, geregverdig geblyk te wees.[86]

### *d. Derde Nederlandse blokkade, 1608*

In die Nederlande was daar verskil van mening oor hoe in die Ooste opgetree moes word. Johan van Oldenbarneveldt en sy aanhangers was van mening dat die Nederlandse handel in die Ooste uitgebrei moes word deur in Europa vrede met Spanje te probeer bewerkstellig, terwyl die prins van Oranje, Maurits van Nassau, geheime opdragte aan Pieter Willemszoon Verhoeff gegee het om die Portugese op die Malabarkus van Indië, in Malakka en in die Straat van Singapoer aan te val, maar dat hierdie aanvalle deur die verowering van Ilha de Moçambique voorafgegaan moes word. Sommige het geglo dat Van Caerden Ilha de Moçambique reeds verower het, maar die prins was seker dat indien dit nie die geval was nie, die held Verhoeff dit spoedig sou doen.[87]

---

84. Theal, *History of South Africa before 1795* II, p 358; Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640*, p 315.
85. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 24.
86. Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640*, p 315.
87. Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640*, pp 315-316.

Verhoeff se vloot het op 22 Desember 1607 uit Nederland na die Ooste vertrek. Onderweg na die Ooste het die vloot halfpad tussen die monding van die Zambesi en Ilha de Moçambique vir ŉ tydjie gerus. Eers hier het Verhoeff sy offisiere ingelig omtrent sy geheime opdrag om Ilha de Moçambique aan te val en het hy en sy offisiere op ŉ aanvalsplan besluit.[88]

Nog voordat die eilandbewoners van Ilha de Moçambique hulle verwoeste wonings behoorlik kon herstel, het die sterk Nederlandse vloot, bestaande uit dertien vaartuie waarvan nege skepe en vier sloepe was, met 377 kanonne en ŉ bemanning van 1 840, onder bevel van Verhoeff, met Frans Wittert as vise-admiraal, teen die middaguur op 28 Julie 1608 by die Ilha de São Jorge naby Ilha de Moçambique anker gegooi.[89] Die skepe was die *Geunieerde Provincien*, *Middelburg*, *Hollandia*, *Amsterdam*, *Roode Leeuw met Pijlen*, *Zeelandia*, *Rotterdam*, *Delft* en *Hoorn*. Die sloepe was *De Pauw*, *Den Arend*, *De Valck* en *Griffioen*.[90]

Verhoeff was onder die indruk dat Van Caerden die *Fortaleza de Sao Sebastião* verower het en het daarom die eiland met wapperende baniere, vaandels en salvo's genader. Groot was die Nederlanders se verbasing toe Estevão de Ataíde hulle met ŉ wapperende Portugese vlag en twee kanonskote uit die *Fortaleza* laat weet het dat die Portugese gereed vir hulle was.[91] Die Nederlandse vloot het teruggevuur, maar Verhoeff het bevel gegee dat ŉ wit vlag gehys moes word, hopende dat die Portugese tot onderhandelinge sou instem en die *Fortaleza* sonder slag of stoot aan hulle sou oorhandig. Die enigste reaksie was ŉ uittartende salvo uit die lope van die Portugese kanonne.[92]

Die Nederlanders het vier vaartuie by die hawe van die eiland opgemerk: onder meer die karrak *Nossa Senhora de Consolação* met ŉ groot vrag handelsware uit Europa, asook ivoor, seekoeitande en

88. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 24, note 27; Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640*, p 316.
89. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, p 374; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 24; Duffy, *Portuguese Africa*, p 40; Potgieter (ed), *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* VII, p 610; Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640*, p 315; Van Kampen, *Geschiedenis der Nederlanders buiten Europa*, p 163.
90. Theal, *History of South Africa before 1795* II, p 359; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 24, note 27.
91. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, p 374; L. Cacegas, *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa* I (C. Struik, Cape Town, 1964), p 394.
92. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 24; Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640*, p 316.

ebbehout wat na Goa moes gaan. Die Nederlanders het vier sloepe gestuur om die Portugese skepe aan te val. *De Valck* en *Griffioen* het die groter karrak verower, maar aan boord slegs ses Portugese en sestig Arabiese seemanne gevind, want die res van die Portugese bemanning het die skip betyds verlaat. Die Nederlanders het die Portugese vaartuie se ankertoue afgesny en probeer om hulle na die oop see te tou, maar die vaartuie het by Cabaceira-punt op die strand geloop. De Ataíde het die skipper van die *Nossa Senhora de Consolação* daardie nag opdrag gegee om met vier of vyf man in 'n kano na die vaartuie te gaan en hulle aan die brand te steek.[93]

Die eerste aand het 700 Nederlanders onder dekking van die donker op die eiland aan land gegaan. Frans Wittert, wie se rang na dié van generaal verander is, het 'n krygsraad byeengeroep, waartydens vier kapteins aangewys is met elk ongeveer 100 man onder hom. Die Nederlanders het die ontruimde dorp en die aangrensende woud beset en hulle hoofkwartier in die ruïnes van die Dominikaanse klooster en die parogiekerk ingerig.[94] 'n Nederlandse jongeling wat tydens die vorige blokkade deur die Portugese gevange geneem is, het daarin geslaag om uit die *Fortaleza* te ontsnap, hom by sy landgenote aan te sluit en aan hulle noukeurige inligting aangaande die eiland en die *Fortaleza* gee.[95]

Gebeure het daarna baie dieselfde patroon as tydens die vorige jaar se blokkade gevolg. Die Nederlanders het weer die loopgrawe oopgegrawe wat tydens die vorige blokkade van die klooster na die ingang van die *Fortaleza* gegrawe is. Twintig treë van die muur van die *Fortaleza* het hulle twee skanse opgerig. In elkeen is vier kanonne en 'n aantal musketiers geplaas. Op een dag het hulle 300 rondtes na die *Fortaleza* geskiet en daarin geslaag om 'n gedeelte van die vestingmuur tussen die bastions *São Gabriel* en *Santo António* te beskadig, wat volgens die Portugese verslag sodanig was dat die vyand daardeur die *Fortaleza* sou kon binnekom. Dit het nie gebeur nie omdat die Nederlanders volgens die Portugese wel goeie artilleriste was, maar vir niks anders gedeug het nie. Die Nederlanders het geen poging aangewend om die *Fortaleza* te bestorm nie, wat aan die Portugese die geleentheid gegee het om daardie nag die opening in die vestingmuur met

93. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, pp 24-25; Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640*, pp 316-317; Theal, *History of South Africa before 1795* II, p 359.
94. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 25; Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640*, p 317.
95. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 25.

rotse, grond en sandsakke toe te pak. Die volgende oggend, 3 Augustus 1608, was die Nederlanders verras om te sien dat die muur herstel was.[96]

Op 4 Augustus 1608 het Wittert 'n brief aan De Ataíde gestuur waarin hy die oorgawe van die *Fortaleza* geëis het. Die trompetblaser wat die brief na die Portugese geneem het, is gasvry ontvang. Hy was veral geïnteresseerd om te sien dat daar bokke en varke in die *Fortaleza* rondgeloop het. Wat hy nie besef het nie, is dat hy so rojaal ontvang is en die bokke en varke spesiaal uitgeja is sodat die Nederlanders kon besef dat diegene in die *Fortaleza* goed van kosvoorrade voorsien is. Die aantal kanonne op die bolwerke het die trompetblaser ook grootliks beïndruk. De Ataíde het dit benede sy waardigheid geag om hoegenaamd op die generaal se eis te antwoord. Hy het dit aan die kaptein van die bastion *São Gabriel* oorgelaat om die uitdagende antwoord te onderteken, naamlik dat hy Van Caerden verplig het om sy blokkade op te hef en dat dit ook met Verhoeff die geval sou wees.[97]

Die Portugese soldate het voortdurend by hulle *capitão* aangedring om die *Fortaleza* te verlaat en die Nederlanders aan te val. Uiteindelik het De Ataíde ingestem. Teen die middaguur op 8 Augustus 1608 het 25 soldate, net met swaarde en lanse gewapen, die *Fortaleza* stilletjies verlaat. Hulle het die Nederlanders uit die voorste loopgrawe verdryf en daarop aanspraak gemaak dat hulle 30 gedood het, maar die Nederlandse verslag het slegs die verlies van enkele manne erken.[98]

Die Nederlandse generaal het nog twee kanonne by die klooster laat opstel. Daarna het hulle aan 'n tonnel onder die *Fortaleza* begin grawe met die bedoeling om dit met buskruit te vul en die fort op dié wyse in die lug te blaas. In die middernagtelike ure van 10 Augustus 1608 was hulle besig met hierdie grawery, maar die lig van die vuur van 'n brandende Portugese skip het hulle geheim aan die Portugese verklap. Die Portugese het hulle gefrustreer deur aanhoudend 50 man op 'n keer uit die *Fortaleza* te stuur om hulle aan te val. Gedurende die daaropvolgende nagte het die Portugese vure op die borswering van die *Fortaleza* gemaak en vuurkonkas op die Nederlanders gegooi om hulle grawery te stuit.[99]

---

96. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, pp 374-375; Theal, *History of South Africa before 1795* II, p 360; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 26.
97. Theal, *History of South Africa before 1795* II, pp 360-361; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 26.
98. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, p 375; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, pp 26-27.
99. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 27; Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640*, p 318.

Op 11 Augustus 1608 het Wittert besluit om sy aanvalle te staak en daardie nag is drie kanonne reeds onttrek.[100] Volgens sy kroniekskrywer het Verhoeff op 14 Augustus 1608 finaal besluit om sy blokkade van Ilha de Moçambique op te hef omdat die moesonwinde binne tien dae van rigting kon verander en hy dan nie in staat sou wees om sy opdragte ten opsigte van Indië en die Molukke uit te voer nie. Daar was geen moontlikheid om die *Fortaleza* spoedig te verower nie en sy bemanning het in groot getalle aan koors begin ly, sodat hy gevrees het dat hy nie genoeg seelui sou hê om sy skepe te beman nie. Die volgende dag, 15 Augustus 1608, is ook die oorblywende batterye kanonne verwyder.[101]

Gedurende die nag van 15 Augustus 1608 het ŉ Switserse soldaat gedros en by die Portugese om beskerming gevra. Die Portugese het hom met ŉ tou teen die muur van die *Fortaleza* opgetrek terwyl Nederlandse musketkoeëls aan weerskante van hom geklap het. Hy het aan die Portugese gesê dat hy ŉ Fransman en Rooms-Katoliek was en dat hy nie teen mede-Katolieke kon veg nie. Verhoeff het ŉ boodskapper na Estevão de Ataíde gestuur om die uitlewering van die Switser te eis, maar De Ataíde het geantwoord dat hy die man beloof het om hom te beskerm en dat hy sy belofte sou nakom.[102]

Die een sukses van die Nederlandse blokkade het plaasgevind sonder dat die Nederlanders dit beplan het. Op 17 Augustus 1608 het ŉ skip by Ilha de Moçambique op die horison verskyn. Dit was die Portugese galjoen *Bom Jesus*. Verhoeff het dadelik drie vinnigvarende sloepe, *Den Arend*, *Griffioen* en *De Valck*, gestuur om die *Bom Jesus* te agtervolg. Die bevelvoerder van die *Bom Jesus* was ŉ edelman, Francisco de Sodré Pereira. Agt uur lank het die bemanning van die *Bom Jesus* verbete teen die Nederlanders geveg totdat hulle ammunisie op was. Selfs toe was Pereira nie bereid om oor te gee nie. Eers nadat Pereira ernstig gewond is, het die joernaalskrywer van die *Bom Jesus* die wit vlag sonder Pereira se wete gehys. Die oorlewende Portugese bemanningslede is gevange geneem. Die Nederlandse weergawe van hierdie insident lui dat die bemanning van die *Bom Jesus* feitlik geen

100. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 27
101. Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640*, pp 318-319.
102. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, p 376; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 27; Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640*, p 319; Theal, *History of South Africa before 1795* II, p 361.

weerstand gebied nie en nadat een van hulle se arm afgeskiet is, dadelik oorgegee het.[103]

Met hierdie nuwe gevangenes in sy mag, het Verhoeff weer probeer om die Rooms-Katolieke droster uitgelewer te kry. Hy het gedreig om hierdie gevangenes op te hang indien De Ataíde nie aan sy versoek voldoen nie. Een van die gevangenes, ŉ Dominikaan, het aan De Ataíde ŉ brief geskryf waarin hy gepleit het dat die droster uitgelewer moes word omdat talle Portugese se lewens tog meer werd is as die van ŉ enkele Nederlandse droster, maar vir De Ataíde was dit ŉ beginselsaak en hy het dus nie toegegee nie. Verhoeff het nie sy dreigement uitgevoer nie, maar die bemanningslede van die *Bom Jesus* met kosvoorrade vir twee dae op Ilha de São Jorge aan wal gesit, terwyl hy die offisiere as gevangenes meegeneem het.[104]

Nog drie of vier ander Rooms-Katolieke uit Brabant het op 18 Augustus 1608 na die Portugese oorgeloop terwyl die Nederlanders besig was om die eiland te ontruim, waarna Wittert weer ŉ brief aan De Ataíde gestuur het en op hulle uitlewering aangedring het. Hy het gedreig dat indien De Ataíde sou weier om dit te doen, hy die 34 Portugese wat hy as gevangenes aangehou het, naamlik persone wat tydens die blokkade op Ilha de Moçambique gevang is en die offisiere wat aan boord van die *Bom Jesus* gevange geneem is, sou teregstel. De Ataíde het weer geweier en bygevoeg dat selfs al sou Verhoeff ook 34 000 Portugese gevangenes gehad het wat hy wou teregstel, hy nie die Katolieke wat sy beskerming versoek het, sou verloën nie. Indien Portugese gevangenes uit vergelding geskiet sou word, sou hy (De Ataíde), die Portugese onderkoning in Indië daaromtrent inlig, aangesien dáár talle Nederlandse gevangenes was wat uit weerwraak tereggestel kon word. In sy trots gekrenk, het Verhoeff al die Portugese gevangenes onder sy beheer onder gewapende geleide na ŉ terrein geneem wat van die bastions van die *Fortaleza* sigbaar was en daar, ten aanskoue van die Portugese garnisoen, ses offisiere van die *Bom Jesus* se hande agter hulle rûe laat vasmaak voordat hulle deur ŉ vuurpeloton gefusilleer is.[105]

---

103. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, p 376; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, pp 27-28; Theal, *History of South Africa before 1795*, II, p 362; Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640*, pp 319-320.
104. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, pp 376-377; Theal, *History of South Africa before 1795* II, p 362; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 28.
105. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, p 376; Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 27; Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640*, p 319; Theal, *History of South Africa before 1795* II, p 361; Van Kampen, *Geschiedenis der Nederlanders buiten Europa*, p 163.

Verhoeff het verder opdrag gegee dat elke moontlik ding wat op Ilha de Moçambique vernietig kon word, tot niet gemaak moes word. Die plantasies is afgebrand, die huise afgebreek en die plekke van aanbidding vernietig. Verhoeff het self as leier opgetree van 100 man wat na die nabygeleë Ilha de São Jorge gegaan het om daar die vrugteboorde van die vreedsame kleinboere af te kap, hulle hutte af te brand en die twee kapelletjies met die grond gelyk te maak.[106]

Verhoeff het ŉ boodskapper met ŉ brief na De Ataíde gestuur. Hy het De Ataíde aangeraai om persone te stuur met wie ŉ gunstige oorgawe-ooreenkoms onderhandel kon word, omdat die Portugese andersins aan die woede van die Nederlanders uitgelewer sou wees. De Ataíde het terug laat weet dat hy niks met enige ooreenkoms te doene wou hê nie en dat slegs wapens die lot van die eiland sou bepaal. Soos wat hy Van Caerden verdryf het, het hy gehoop om ook Verhoeff die pad te laat kies.[107]

Verhoeff kon nie daarin slaag om die Portugese garnisoen bestaande uit slegs 150 man tot oorgawe te dwing nie. Gedurende die nag van 23 Augustus 1608 het Verhoeff se vloot sy vaart na Indië voortgesit. Die Portugese was só bly om hulle te sien vertrek, dat hulle nie eers op die skepe geskiet het toe hulle naby die *Fortaleza* verbygevaar het nie.[108]

Tydens hierdie beleg is sewe Portugese en ŉ aantal slawe gedood, terwyl die Portugese bereken het dat hulle vir 350 ongevalle aan die kant van die Nederlanders verantwoordelik was. Die syfer is erg oordrewe, want in werklikheid het die Nederlanders die grafte van 30 bemanningslede op Ilha de Moçambique agtergelaat, terwyl daar 80 gewondes aan boord was.[109]

### *e. Anglo-Nederlandse blokkade in 1622 en die sluiting van traktate in 1635 en 1641*

Op 10 Oktober 1611 het koning Filipe II van Portugal ŉ brief aan Rui Lourenço de Tavora, die onderkoning in Indië, geskryf waarin hy hom verwittig het dat hy te hore gekom het dat die Nederlanders besig was om ŉ vloot bestaande uit nege skep in gereedheid te bring om in

106. Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640*, p 319.
107. De Barbuda, *in* Theal, *Records …* II, p 376.
108. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 28; Theal, *History of South Africa before 1795* II, p 362; Welch, *Portuguese Rule and Spanish Crown in South Africa, 1581-1640*, p 320.
109. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 28; Theal, *History of South Africa before 1795* II, p 361.

Februarie 1612 na die Ooste te vertrek, onder meer om die Portugese terug te betaal vir die verliese wat hulle aldaar gely het, maar die koning het ook verwag dat hulle weer sou poog om Ilha de Moçambique in besit te neem. Hy het die onderkoning dus versoek om te sorg dat die *Fortaleza* slaggereed vir so 'n aanval sou wees en het 'n soortgelyke waarskuwing aan die bevelvoerder van Ilha de Moçambique, Estevão de Ataíde, gestuur.[110]

Gerugte van moontlike Nederlandse aanvalle op Ilha de Moçambique was van 1619 tot 1621 voortdurend in omloop. So het 'n gekombineerde Anglo-Nederlandse taakmag in Desember 1621 van Batavia gevaar om Portugese skepe onderweg van Goa na Lissabon te onderskep. Aanvanklik was hulle onsuksesvol, sodat die Nederlanders twee van hulle skepe onttrek en na die Rooisee gestuur het. Die orige sewe skepe het op 15 Junie 1622 in die rigting van die Mosambiek-kus gevaar om Portugese skepe dáár in te wag.[111]

Op 28 Junie 1622 het die Anglo-Nederlandse vloot naby Ilha de São Jorge anker gegooi, vyf dae lank daar gelê en daarna ongeveer 65 kilometer suidwaarts gevaar en op 22 Julie 1622 die Portugese vloot gewaar waarmee Francisco da Gama, die aangewese onderkoning van Portugees-Indië, onderweg was om sy amp in Goa te beklee. Die vloot het uit agt vaartuie bestaan en Da Gama het in 'n nau, die *São José*, gevaar. Teen middernag het die Portugese op die Engelse vlagskip, die *Royal Exchange*, gevuur en teen dagbreek het die geveg in alle erns begin. Op 25 Julie 1622 is die *São José* ontmas, maar die gekombineerde vloot het haar gelaat en die ander Portugese vaartuie wat ter beskerming van die *Fortaleza de São Sebastião* onderweg was, agternagesit. Daardie namiddag het daar 'n onbesliste slag plaasgevind, maar die Portugese skepe het daarin geslaag om die ankerplek by Ilha de São Jorge te bereik.[112]

Die Engelse skepe het na die *São José* teruggekeer, maar was te laat om te verhoed dat die Portugese bemanning 40 kiste met geldstukke, 68 000 *crusados* in totaal, per boot gered het. Die Engelse het wel 100 bemanningslede gevange geneem en was nog besig om buit te versamel, toe hulle twee Portugese vaartuie opgemerk het. Een Engelse skip het by die wrak van die *São José* gebly, terwyl die ander die twee Portugese skepe sonder sukses agtervolg het. Die *São José* het die nag totaal

110. Theal, *Records of South-Eastern Africa* IV, pp 82-83.
111. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 62.
112. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p 63.

opgebreek, sodat die Engelse skip ook na Ilha de Moçambique gevaar het. Daarna het die Anglo-Nederlandse vloot hulle seile gespan en na die Comoro-eilande vertrek. Die Anglo-Nederlandse blokkade was iets van die verlede en die bondgenote het mekaar oor en weer vir die mislukking daarvan geblameer.[113]

Nadat die Portugese in 1622 die Anglo-Nederlandse blokkade van die Mosambiekkanaal afgeweer het, was die Portugese owerheid verplig om versterking daarheen te stuur.[114] In 1628 het Engelse skepe Ilha de Moçambique geblokkeer, maar dit was hulle laaste blokkade van die eiland, want in 1635 het die Portugese ŉ vredesverdrag met die Engelse gesluit.[115]

Op 12 Junie 1641 is ŉ traktaat tussen Portugal en Nederland gesluit waarin onder meer by name bepaal is dat "de stadt en fortresse Monsambicque" ŉ Portugese besitting sou wees. Hierdie traktaat is onderskeidelik op 18 November 1641 deur die Portugese koning, João IV (1604-1656), en op 22 Februarie 1642 deur die State-Generaal van Nederland geratifiseer. Daardeur is die stryd om die besit van Ilha de Moçambique tussen Portugal en Nederland formeel beëindig.[116]

## Ilha de Moçambique en die Nederlandse verversingspos aan die Kaap die Goeie Hoop

In 1616 het die Here XVII besluit dat alle vlote op die uitvaart na die Ooste by Tafelbaai moes aandoen sodat die bemanning kon rus en vars water en vleisvoorrade ingeskeep kon word. In daardie stadium is geen poging aangewend om die binneland te verken nie.[117] Die mikpunt van die Nederlanders was die Soendastraat en om dit te haal moes hulle van die Kaap af die kus van Afrika verlaat, met die westelike winde tot naby die kus van Australië vaar en vandaar met die suidoostewind Java bereik. Ook op die terugvaart het hulle oor die Indiese Oseaan ver suid van Madagaskar na die suidpunt van Afrika gevaar. Volgens S.F.N. Gie het die Nederlanders van die begin af hulle na die kus van Suid-Afrika

113. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, pp 63-64.
114. M.V.J. Haight, *European Powers and South-East Africa: A Study of International Relations on the South-East Coast of Africa, 1796-1856* (Routledge & Kegan Paul, London, 1967), p 23; Newitt, *A History of Mozambique*, p 170.
115. Newitt, *A History of Mozambique*, p 171.
116. Theal, *Records of South-Eastern Africa* I, p 407; Newitt, *A History of Mozambique*, p 171.
117. Theal, *The Portuguese in South Africa*, p 217.

aangetrokke gevoel. Volgens hom was dit die onvermydelike gevolg van die reisroete wat hulle moes volg.[118] Hoewel Gie dit nie vermeld nie, het die feit dat die Nederlanders nie daarin kon slaag om Ilha de Moçambique te verower nie, vanselfsprekend 'n invloed gehad op hulle keuse van 'n seeroete na die Ooste.

Verskeie vooraanstaande historici het in die verlede daarop gewys dat die mislukte pogings van die Nederlanders om die *Fortaleza de São Sebastião* op Ilha de Moçambique te verower beslis een van die redes was wat daartoe bygedra het dat hulle besluit het om in 1652 'n verversingspos aan die Kaap die Goeie Hoop te stig. Onder hulle tel J.M. Garcia,[119] Portugese kenner van die ontdekkingstogte, C.R. Boxer,[120] outeur van standaardwerke oor die Portugese en Nederlandse oorsese ryke, en W.Ph. Coolhaas, 'n voormalige professor in Nederlandse en Europese Oorsese Betrekkinge aan die Universiteit van Utrecht in Nederland.[121]

Eric Axelson (1913-1998), sonder twyfel die grootste kenner van die Portugese se vestiging aan die suidooskus van Afrika, was van mening dat die Portugese se suksesvolle verdediging van Ilha de Moçambique een van die beslissende militêre gebeure in die geskiedenis van Suid-Afrika was. Indien die Nederlanders die eiland verower het, sou hulle byna verseker 'n vlootbasis en verversingstasie vir hulle seevaart na die Ooste daar opgerig het. Die Portugese sou waarskynlik nie in staat gewees het om die eiland te herower nie en sou eventueel ook hulle ander nedersettings langs die Oos-Afrikaanse kus moes prysgee. Die huidige Mosambiek sou dan waarskynlik Nederlands en nie Portugees gewees het nie en dan sou die Nederlandse nedersetting aan die Kaap waarskynlik ook nie tot stand gekom het nie – met verreikende gevolge vir die hele streek.[122]

Die feit dat Ilha de Moçambique met die stigting van die VOC se verversingspos aan die Kaap in 1652 reeds vir byna 'n eeu en 'n half 'n

---

118. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika* I, pp 43-44.
119. Garcia, *Portugal and the Discoveries*, pp 123, 125.
120. C.R. Boxer, *Four Centuries of Portuguese Expansion, 1415-1825* (Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1961), p 50; C.R. Boxer, *The Portuguese Seaborne Empire, 1415-1825* (Carcanet, Lisbon, 1991), p 111. Vergelyk ook: C.R. Boxer, *The Dutch Seaborne Empire, 1600-1800* (Hutchinson, London, 1965).
121. W.Ph. Coolhaas, "Van Caerden, Paulus", *in* D.W. Krüger en C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* III, p 818; D.W. Davies, *A Primer of Dutch Seventeenth Century Overseas Trade* (Martinus Nijhoff, The Hague, 1961), p viii.
122. Axelson, *Portuguese in South-East Africa 1600-1700*, pp 28-29.

Portugese besitting was, het die Kaapse bewindhebbers nie afgesit nie. In 1653 het 'n Duitse Jesuïtiese priester, Martinus Martini, aan die Kaap vertoef en vertel dat daar aan die Ooskus goeie baaie, riviere en inhamme was waar handel in goud, ambergrys, ivoor, ebbehout en slawe met die inheemse mense gedryf kon word. Hy was van mening dat dit moontlik was om die Portugese van die eiland te verdryf. Op grond van Martini se verslag het die Politieke Raad in Junie 1654 besluit om die *Tulp* so spoedig moontlik toe te rus om 'n verkenningsvaart langs die ooskus te onderneem. Sekunde Frederick Verburgh (*circa* 1627-*circa* 1655) is as bevelvoerder aangewys, terwyl Casper van Weede die reis sou meemaak om die kuslyn te karteer.[123]

Die wedywering en gepaardgaande haat tussen die Portugese en Nederlanders het mettertyd getaan en is uiteindelik beëindig deur die traktate wat in Augustus 1661 en in Julie 1669 in Den Haag en Lissabon tussen die twee groepe gesluit is.[124] Ten spyte van die traktaat wat in 1661 tussen Portugal en Nederland gesluit is,[125] het die Nederlanders in 1662 egter nog 'n futiele poging aangewend om die *Fortaleza de São Sebastião* van die Portugese te verower.[126] Dit weerlê in 'n sekere sin Gie se bewering dat die Nederlanders nie juis in die Ooskus van Afrika geïnteresseerd was nie.[127] In 1662 het die Here XVII naamlik 'n vloot van agt skepe onder admiraal Hubert de Lairesse gestuur om die Portugese besittings op die Ooskus van Afrika en in Indië aan te val. Nadat die vloot Tafelbaai in September 1662 verlaat het, het teenwinde hulle agt weke lank in die Mosambiekkanaal vertraag, terwyl skeurbuik en ooskuskoors 'n geweldige tol onder die bemanning geëis het. De Lairesse was verplig om sy militêre oogmerk teen die Portugese te laat vaar en het sy reis na Batavia voortgesit. Die mislukking van De Lairesse se ekspedisie het die VOC se pogings om die Portugese met militêre mag uit Oos-Afrika te verdryf, beëindig. Vir die res van die sewentiende eeu het hulle gepoog om as mededingers van die Portugese in die gebied op te tree. Op subtiele maniere het hulle probeer om die Portugese se handel met die inheemse mense te benadeel deur verdagmakery, maar wanneer die Nederlanders Portugese nedersettings besoek het, het hulle hulleself in opdrag as die Portugese se vriende voorgedoen, "roemende seer onser beijder natien goede harmonie". Hulle het ook opdrag gehad om onder

123. De Wet, "Die VOC-nedersetting aan die Kaap die Goeie Hoop se Betrokkenheid by die Lande aan die Westelike Indiese Oseaan, 1652-1700", pp 221, 236-237.
124. Boxer, *Portuguese and Dutch Colonial Rivalry, 1641-1661*, p 41.
125. A.H. de Oliveira Maques, *History of Portugal* I*: From Lusitania to Empire* (Columbia University Press, New York & London, 1972), p 329.
126. Duffy, *Portuguese Africa*, p 40.
127. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika* I, p 43.

geen omstandighede die Portugese omtrent die ware doel van hulle besoeke, naamlik om die kuslyn te verken en om handelsmoontlikhede te ontgin, in te lig nie. Die Portugese was egter nie heeltemal so naïef nie en nadat dit vir die VOC duidelik geword het dat hulle nie die Portugese se handelsmonopolie in die omgewing van Ilha de Moçambique sou kon verbreek nie, het die Kaapse regering besluit om hulle voortaan op Delagoabaai as moontlike handelsgebied toe te spits.[128]

Die Nederlanders het na die mislukte blokkades van Ilha de Moçambique in 1604, 1607 en 1608 wel elders met sistematiese aanvalle en verowerings op Portugese kernsentrums voortgegaan. Die Portugees-Nederlandse stryd het in 1663 tot 'n einde gekom met die Nederlandse verowering van die Portugese nedersettings aan die Malabarkus van Indië. Die VOC het só beheer oor die handel in naeltjies, foelie en neutmuskaat van die Molukke, kaneel van Ceylon en peper van die Malabarkus verkry, terwyl hulle ook die leeue-aandeel in die vragvaart tussen Japan en Arabië oorgeneem het. Die enigste plekke waar die Nederlanders nie daarin geslaag het om die Portugese te verdryf nie, was Macao en die Indonesiese eilande Timor, Solor en Flores. Oorvereenvoudig het die koloniale oorlog tussen Portugal en Nederland oor die speseryhandel van Asië, die slawehandel van Wes-Afrika en die suikerhandel van Brasilië gegaan, wat uitgeloop het op 'n oorwinning vir Nederland in Asië, 'n gelykop stryd in Wes-Afrika en 'n oorwinning vir Portugal in Brasilië.[129]

## Opsomming

Vir die Portugese was Ilha de Moçambique [Mosambiek-eiland] vanaf die begin van die sestiende eeu die belangrikste aandoeningspunt op die *Carreira da Índia*, die heen- en terugvaart tussen Portugal en Indië. Nadat die Vereenigde Oost-Indische Compagnie (VOC) in 1602 gestig is, het die Nederlanders met begerige oë na dié strategiese eiland gekyk. By drie geleenthede, naamlik in 1604, 1607 en 1608, het hulle onsuksesvolle pogings aangewend om die Portugese vesting op die eiland, die *Fortaleza de São Sebastião*, deur blokkades te verower. Vooraanstaande historici soos C.R. Boxer, W.Ph. Coolhaas, J.M. Garcia en veral Eric Axelson wys

128. De Wet, "Die VOC-nedersetting aan die Kaap die Goeie Hoop se Betrokkenheid by die Lande aan die Westelike Indiese Oseaan, 1652-1700", pp 237-240. Kyk ook: D. Sleigh, *Die Buiteposte: VOC-buiteposte onder Kaapse Bestuur, 1652-1795* (HAUM, Pretoria, 1993), p 682.

129. De Oliveira Marques, *History of Portugal* I, pp 320-321, 329, 358, 378; Boxer, *Four Centuries of Portuguese Expansion, 1415-1825*, pp 48-54; Boxer, *The Portuguese Seaborne Empire, 1415-1825*, pp 109-111; Van Aswegen, *Geskiedenis van Afrika*, pp 142-144.

daarop dat die geskiedenis van Suider-Afrika ŉ totaal ander loop sou geneem het indien die Nederlanders wel Ilha de Moçambique verower het. Volgens hulle kan die stigting van die Nederlandse verversingspos aan die Kaap die Goeie Hoop in 1652 onder meer aan hierdie mislukte blokkades toegeskryf word. In algemene Suid-Afrikaanse geskiedenisboeke word hierdie betekenisvolle botsings tussen die Portugese en die Nederlanders aan die ooskus van Afrika met hulle verreikende gevolge egter verswyg of skaars vermeld.


## Abstract

**How Ilha de Moçambique almost became Dutch – instead of the Cape of Good Hope**

From the beginning of the sixteenth century, Ilha de Moçambique [Mozambique Island] represented for the Portuguese the most important port of call in the *Carreira da Índia*, the round voyage between Portugal and India. After the Dutch East India Company (DEIC) had been founded in 1602, the Dutch cast longing eyes at this strategic island. On three occations – in 1604, 1607 and 1608 – they made unsuccesful efforts, by means of blockades, to capture the fortress on the island, the *Fortaleza de São Sebastião*. Prominent historians like C.R. Boxer, W.Ph. Coolhaas, J.M. Garcia and especially Eric Axelson emphasise that the history of Southern Africa would have taken an altogether different direction, had the Dutch indeed succeeded in capturing Ilha de Moçambique. According to them, the fruitless blockades of the island had been one of the reasons why the Dutch eventually established their refreshment station at the Cape of Good Hope in 1652. However, in general South African history books, these significant and far-reaching clashes between the Portuguese and Dutch on the east coast of Africa are rarely, if ever, mentioned.



### Sleutelwoorde

Blokkades; *Fortaleza de São Sebastião*; Ilha de Moçambique; Mosambiek; Nederland; Paulus van Caerden; Pieter Verhoeff; Portugal; Steven van der Hagen; Vereenigde Oost-Indische Compagnie (VOC).

### Key words

Blockades; Dutch East India Company (DEIC); *Fortaleza de São Sebastião*; Ilha de Moçambique; Mozambique; Netherlands; Paulus van Caerden; Pieter Verhoeff; Portugal; Steven van der Hagen.